

Hospitaalplakker

BOONSTE LEDEMAAT - BLOK INLIGTINGSTUK



Geagte Mnr/Mev. _____

U gaan `n boonste ledemaat- blok kry vir een van die volgende redes:

- 1 As pynverligting na u ortopediese operasie aan u skouer, arm of hand.
- 2 As narkose vir u ortopediese operasie aan u arm of hand.

Hierdie blok word toegedien deur n inpuiting in die kant van die nek tussen die interskalenus spiere of net bo/onder die sleutelbeen. Dit is oor die algemeen `n baie effektiewe en veilige metode van pynverligting vir die skouer, arm en hand. Die blok word deur u narkotiseur toegedien wat dan ook die tegniek aan u sal verduidelik. Meestal word die blok toegedien met n senuwee stimulator, om die betrokke senuwee wat ons wil blok te identifiseer, wanneer u reeds slaap. Die bondel senuwees wat die skouer, die hele arm en die hand voorsien ontstaan aan elke kant in die nek. Dit is dan nou juis hier waar ons dmv die inspuit van n lokale verdower, die bondel senuwees blok. Dit is wel moontlik om laer af in die arm onderskeie takke te blokkeer. Alhoewel die blok meestal vir 8-10 ure werk is die werkingsduur verskillend vir elke pasiënt. As u kom vir skouerchirurgie, noem asb aan u narkotiseur van pyn en/of naalde en spelde in die hand en deel van arm onder die elmboog aan die geaffekteerde kant. Opper asb enige vrae tydens die pre-operatiewe besoek aan die narkotiseur.

Hier volg `n lys van komplikasies wat kan voorkom met die toediening van hierdie blok. Ons is uiteraard baie versigtig met die toediening hiervan, maar komplikasies kom ongelukkig tog soms voor en die behandeling daarvan kan verdere kostes vir u meebring.

Algemene komplikasies.

- 1 *Motoriese blok:* Alhoewel ons doel is om net die pynvesels van die senuwee te blok gebeur dit meestal tot n mindere of meerdere mate dat die vesels wat beweging beheer ook geblok word. U kan dus verwag dat u arm swaar en/of lam sal voel as u wakker word. Neem tog asb kennis dat u nie diè arm oor die kant van die bed moet laat hang nie, aangesien dit permanente skade kan veroorsaak.
- 2 *Horner sindroom :* dit ontstaan baie algemeen as die ander senuwees in die omgewing ook geblok word. Simptome hiervan is n hangende ooglid,

toe neusgat, klein pupil, benoudheid of heesheid. Soos die blok uitwerk verdwyn hierdie simptome.

3 *Gefaalde blok:* Dit mag gebeur dat daar nie geslaag word om die blok suksesvol toe te dien weens meganiese of lokale faktore in u nek bv. kort, vet nek of vorige nek operasies. Andersyds mag die blok nie die mate van pynverligting bring as wat verwag word nie, en sal daar alternatiewe pynverligtings metodes in werking gestel word.

Skaars komplikasies.

1 *Hematoom:* Omdat daar n paar groot bloedvate op daardie plek in die nek teenwoordig is, kan 1 van hulle raakgesteek word tydens die prosedure en bestaan daar n skraal kans dat dit n hematoom mag vorm.

2 *Lokale ongemak:* omrede soms deur die nekweefsel moet gaan om die senuwee te bereik, maar is van korte duur.

Uiters skaars komplikasies

1 *Intraveneuse toediening:* daar bestaan n risiko dat van die lokale verdower direk in n aar/slagaar gespuit word en dan konvulsies of hartdisritmiëe kan veroorsaak. Ons is baie bedag hierop en trek gereeld terug tydens die inspuiting om so n komplikasie te vermy.

2 *Pneumotoraks:* Omrede die longkoepel dikwels baie na aan die inspuitplek is, bestaan die gevaar om die long raak te steek. Indien dit sou gebeur, sou u erge borskaspyn en benoudheid ervaar en word daar n onderwaterbuis geplaas om u te help om beter asem te haal.

3 *Spinaal of epiduraal:* Die rugmurg met sy spinale en epidurale spasies is ook naby die plek waar ons inspuit en dis dan moontlik dat daar in hierdie spasies ingespuit word met n tydelike verlamende effek.

4 *Sepsis:* Alhoewel ons uiters steriel werk is daar `n klein moontlikheid dat daar `n oppervlakkige infeksie van die vel of selfs `n abses kan ontstaan .

5 *Senuweeskade:* Dit kan ontstaan met die plasing van die naald maar met die gebruik van die senustimulator is dit baie onwaarskynlik.

6 Daar is ook nog `n paar ander uiters skaars komplikasies wat in die literatuur gedokumenteer is.

Ek verklaar hiermee dat ek die inligtingsstuk deurgelees het, die inhoud hiervan verstaan en enige onduidelikhede met my narkotiseur bespreek het. Hiermee gee ek toestemming vir die toediening van `n boonste ledemaat blok op myself/afhanklike.

Geteken te _____ hospitaal op _____200__ (datum)

Handtekening _____ (pasiënt/ouer/voog)